ENDOSSEMENT NO. 21

BY DIE

VOORTGESETTE INKOMSTEVERSEKERING POLIS

AANGEGAAN DEUR

DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

(Polisnommer 15674139x9)

Sanlam Lewensversekering Beperk (Registrasienr. 1998/021121/06) verklaar dat met ingang van 1 Maart 2021 word klousule 4.1 soos volg gewysig:

"4.1 Inkomstevoordeel

Indien 'n VERSEKERDE vir die eerste keer FUNKSIONEEL ONGESKIK raak terwyl 'n ongeskiktheidsinkomste kragtens Bylae 3 ten opsigte van hom/haar betaal word, betaal SANLAM aan die VERSEKERDE die FUNKSIONELE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE soos hieronder omskryf.

Die **FUNKSIONELE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE** is gelyk aan die kleinste van-

(a) 25% van die VERSEKERDE se maandelikse BESOLDIGING;

(b) die bedrag waardeur die VERSEKERDE se GEMIDDELDE NETTO MAANDELIKSE VERDIENSTE die VERSEKERDE se VOLLE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE kragtens Bylae 3 betaalbaar oorskry;

en

(c) R73 000, of enige ander bedrag wat SANLAM bepaal.

By die bepaling van die FUNKSIONELE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE, beteken BESOLDIGING die BESOLDIGING onmiddellik voor die WAGTYDPERK waarna in Bylae 1 verwys word.

As die VERSEKERDE se VOLLE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE betaalbaar ingevolge Bylae 3 gelyk is aan of meer is as die VERSEKERDE se GEMIDDELDE NETTO MAANDELIKSE

VERDIENSTE, is geen FUNKSIONELE ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE betaalbaar aan die VERSEKERDE nie."

Onderteken namens Sanlam Lewensversekering Beperk te Bellville op 25 November 2020.

……